KI-DEO NUUSBRIEF

Oktober 2014

Geloof soos ‘n mostertsaad

Vandat ons die kinderhuis 9jr gelede begin het, het ek besef dat elke dag een groot geloofstap is. Wanneer mense teleurstel het ons geweet dat ons alleenlik ons vertroue in Hom kan plaas en dat Hy ons Voorsiener is!
Ek onthou nog die dag wat ek die laaste pak suiker uitgehaal het en die waspoeier op was en ek half moedeloos gewonder het waarmee ek dit moes koop. Dieselfde aand daag iemand op met ‘n groot pak suiker en waspoeier! Ook met Michelle wat op daai stadium nog op doeke was en die oggend wat ek die laaste doek aangesit het en besef het dat dit maar ‘n redelike groot uitgawe is en ‘n ekstra las op ons begroting, het iemand opgedaag met ‘n pak doeke en gereël dat ‘n bekende babawinkel maandeliks vir ons doeke sponser. So kan ons die een storie na die ander vertel. ‘n Toer wat ons aangepak het, totaal in die geloof en die Here vertrou het vir die fondse en Hy bo alle verwagtinge voorsien het en het ons nog meer gekry as waarvoor ons begroot het!
Hierdie jaar het ook sy uitdagings gehad en kon ek net weer verstom staan en opgewonde wees oor God se guns en seën oor ons huis en dat ons elke dag kan weet dat Hy ons Voorsiener is en wonderlike mense ons padlangs stuur om te kan voorsien in elke behoefte.
Ons het die jaar twee matrikulante en dit is altyd maar ‘n stressvolle tyd vir hulle maar ook vir ons, want ons moet hulle gereed kry vir die volgende fase van hul lewens en dan is dit ook nog Matriekafskeid wat net soveel uitdagings bied. In ‘n dag se tyd het ons alles gekry wat ons nodig gehad het vir die meisies, hare, naels, grimering, rokke, motors en ‘n fotograaf! Dankie aan al die wonderlike mense wat bereid was om te help om hul matriekafskeid ‘n ongelooflike ervaring te maak!
Ons het hulle ingeskryf by Tukkies en ook by Zinnia Koshuis in Groenkloof en is albei gekeur en het hulle albei koshuisverblyf by Zinnia Koshuis gekry! Toe kom die volgende uitdaging, ons moet hierdie twee dogters se kamers meubeleur, kort hulle gordyne en duvets, ens. En weereens stel die Here nie teleur nie en word daar voorsien in al hul behoeftes. Ons benodig nog net twee enkelbeddens indien ons dit self moet voorsien.
Die grootste uitdaging is natuurlik die finansies om hierdie wonderlike droom van studentwees te laat realiseer en het ons aansoek gedoen by Funza vir die onderwysbeurse. Maar ons hoor eers in Maart of hulle dit gekry het of nie! Dus, hoe finansier ons die eerste 3 maande se uitgawes wat hul etes, koshuisverblyf, registrasie, boeke en klasgelde is? Weereens stuur die Here ‘n engel op ons pad en deur hul Trust sal hulle ons twee dogters vir die eerste drie maande finansieël help! Is dit nie net ongelooflik nie! God is net so getrou!
Bid en vertrou ook saam met ons dat die tweetjies wel die Funza beurse sal ontvang! Ek weet dat as die Here tot dusver kon voorsien, hulle beslis ook die Funza beurse sal kry!

Kontakbesonderhede:

Tel: 012 644-2524
Sel: 083 696 8600
E-pos: theresag@ki-deo.co.za
www.ki-deo.co.za

GAAN LIKE ONS ASB OP FACEBOOK EN VERTEL JOU VRIENDE VAN ONS!

Belangrike Nommers:

NPO reg no.: 000-762
WO no.: 11 02 0059
PBO.: 18/11/13/1456

Bankbesonderhede:

ABSA Rek no.: 10500 40654
Verw.: MSK-KH

Ons is ‘n geregistreerde organisasie en kan jou voorsien met die nodige artikel 18A sertifikaat indien nodig vir belasting-doeleindes!

Help ons asseblief met die volgende kruideniersware op 'n maandelikse basis:

Suiker
Koffie (Ricoffy)
Tee (Rooibos)
Pasta
Rys
Two-Minute-Noodles
Tamatie– en Uiesmoor
Tamatiepuree
Speserye
Sout en Peper
Geblikte ertjies
Baked Beans
Sweetcorn
Tuna
Bully Beef
Oats
Kitspappe
Margarine
Peanut botter
Stroop
Bovril
Kaassmeer
Konfyt
Aanmaak koeldrank
Mayonnaise
All Gold Tamatiesous
Chutney
Sweet Chilli Sous
Skoonmaakprodukte:
Handy Andy
Domestos
Mr Min
Mr Muscle
Toilet Duck
Jeyes Bloo blokkies
Jeyes Fluid
Skottelgoedwasser seep
Swart sakke
Swart skoenpolitoer
Skuursponsies
Staalwol
Waslappies
Afdrooglappe
Eiers
Melk
Kaas
Weense Worsies
Sousboontjies
Beet
Vars groente of gevriesde groente
Kaas
Vrugte
Koekies en Lekkers

Ons Nuwe Liefieding

Op Woensdag, 15 Oktober is klein Kameshinie in ons sorg geplaas. Die kleine mensie is maar 6 jaar oud en verjaar volgende maand!
Sy is net die allerliefste babbelbekkie en pas so goed aan in die huis en almal wil tog te graag maat-jies met haar wees en help haar waar hulle kan!
Weereens was dit 'n geval van 'n kind wat baie dring - end verwyder is en het sy met bykans niks hier aangekom nie. Sy moes dus weer van vooraf uitgerus word met slaap-klere, dagklere, swemklere en skoolklere, het sy skryf-behoeftes en toiletware benodig.
Weereens kon ek net ver-stom staan oor die reaksie wat ek ontvang het en hoe mense net eenvoudig hul harte oopgemaak het vir haar. 'n Baie groot dankie aan elkeen wat bygedra het, ons poppie straal be-hoorlik oor al haar pragtige klere, skryfbehoeftes en toiletware!
Sy verjaar 13 November en wil ons graag haar 7de ver-jaarsdagpartytjie op Vrydag, 14 November hou.
Sy se dat sy laas 'n party-tjie gehad het toe sy 1jr oud geword het!? Help my asb ook om hierdie mensie se verjaarsdag super spesiaal te maak. Sy is vreeslik erg oor Barbie en wil ons vir haar 'n Barbie partytjie gee. Indien daar iemand is wat 'n Barbie koek kan bak en ook cupcakes en mense kan help met die nodige eetgoedjies/lekkers/ koeldrank en dalk ook 'n geskenkie, sal dit so waardeer word!
Sy geniet haar swem vreeslik baie en ek het net haar nuwe swembroekie gekoop, toe moes sy water toe! Sy het behoorlik gegil van die lekkerte, water geskop, handjies in die lug gegooi en haar uitbundig oorgegee aan die lekkerte van die oomblik!

BAIE GELUK aan Madelein wat verkies is tot leier by Laerskool Fleur, sy is die 5de leiertjie in ons huis! 'n Ongelooflike mensie met baie sterk leierseienskappe!
Sy gaan Vrydag op die leierskapskamp en word hul ingehuldig begin Desember!
Sy is al 4 jaar by ons in die huis en is dit so wonderlik om die groei in haar te kon sien, om 'n pad met haar te kan stap en haar dop te hou hoe sy ontwikkel as individue, 'n mensie met goeie waardes, vandag 'n gesonde dogter en 'n regte staatmaker! Verder is sy akademies ook baie sterk en was sy ook al top 10 in haar graad! Beslis 'n uitblinker en iemand op wie ons ongelooflik trots is!

Ons benodig dringend somersklere vir die volgende kinders: (veral kortbroekies en t-hemde vir kleiner kinders)

Lucia: 11jr oud, nr 1 skoen en klere grootte 9—10jr
Lisa: 10jr oud, nr 2 skoen en klere grootte 9—10jr
Moniqe: 11jr oud, skoen grootte 3 en klere grootte 11—12jr
Madelein: 12jr oud, nr 6 skoen, klere grootte small of 13—14jr
Danell: 13jr oud, skoen grootte no 7 en klere grootte no 34 of medium
Shawn: 14jr oud, skoen grootte 10 en klere no 32 of small
Angelo: 16jr oud, skoen grootte no 8 en klere no 32 of small
Helen: 16jr oud, skoen grootte 3, klere no 30 of small
Monique: 18jr oud, skoen grootte 4, klere no 30 of small
Fransisca: 18jr oud, klere no 44 skoen grootte no 6

Christmas Wishlist:

Elke jaar het Doxa 'n wishlist en identifiseer hulle 'n paar projekte. Ki-Deo is deel van die projek en wat ons graag vir die huis wil he is 'n hout gungle gym wat lyk soos bogenoemde. Ek het 'n glyplank asook die buitebande, benodig dan net hout om dit te bou indien daar kundige mense is wat sal kan help hiermee of enige finansiële bydrae sal waardeer word om dit moontlik te kan maak.
Kontak my asb sou julle hiermee wou help.
Ki-Deo bankbesonderhede:
ABSA Rek no.: 10500 40654,
Verw: MSK-Wishlist
E-pos bewys van betaling na:
theresag@ki-deo.co.za